

**14 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 9:1-27**

**Fokusgedeelte: Daniël 9:2-3**

**Die wonderlikste gebedsverhoring!**

Op sy oudag – Daniël was teen hierdie tyd al oor die tagtig jaar oud – was die lewe vir Daniël nog vol werk en vol stryd, want dit was ook die tyd wat hy in die leeu kuil beland het. Kan hy nog, in die lig van alles wat God reeds aan hom geopenbaar het, bid om die vervulling van God se belofte oor die terugkeer uit Babel? Kan jy nog bid vir die vervulling van God se beloftes as jy kyk hoe die wêreld vandag is? Spreek God se beloftes jou nog enigsins aan?

Uit Daniël se optrede kan ons die volgende punte leer:

- Grondige Bybelstudie om God se beloftes te ken
- Grondige skuldbelydenis waarin hy hom vereenselwig met sy volk hoewel sy persoonlike lewe onbesproke was! (“Ons het gesondig”)
- Om vergifnis te vra en dit te begeer en dit te glo
- God het geantwoord terwyl Daniël nog besig was met sy skuldbelydenis!

In die sentrum van die boodskap van die sewentig sewetalle staan die Gesalfde, Jesus Christus. So strek die antwoord baie verder as wat Daniël gevra het. God antwoord uiteindelik met die volkome verlossing wat in Christus 'n werklikheid geword het.

God se beloftes en antwoorde is selfs meer as wat ons kan bid of dink.

*Sing: Psalm 40:6,7*

*Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*